# Hoofstuk van die dag: Spreuke 26

> *Jy sien self: vir iemand wat dink hy het die wysheid in pag, is daar minder hoop as vir 'n dwaas. (vers 12)*

Liewe Jemen
Baie dankie dat julle hier was, en vir die kosbare Ofir-goud

wat Rehabeam-hulle by julle gekry het. Só ’n rojale trougeskenk het ons almal se stoutste verwagtings oortref. Maar ek moet sê, so het ek julle leer ken.
Oor die voorval met my paleisopsigter Agisar: ek is werklik uit my hart uit jammer dat juis jý betrokke was. Ek en hy het in die verlede al dikwels koppe gestamp, maar elke keer het ek hom maar laat begaan, ter wille van sy vrou. Sy is ’n dierbare mens, en verdien beslis nie ’n buffel soos hy nie. Maar sy optrede teenoor jou was die laaste strooi, en onverskoonbaar. Ek is net spyt jy het my nie dadelik daarvan vertel nie, dan het ek hom sommer dieselfde dag nog afgedank. Soos dit is, het ek eers gister by een van die kamermeisies gehoor wat hy alles teenoor jou kwytgeraak het. Ek is bitter skaam dat jy in my eie huis so beledig moes word.
Die hele voorval het my weer diep laat nadink oor my prioriteite. Ek is bevrees die las wat die landsadministrasie meebring, het veroorsaak dat ek nie meer soos vroeër onwrikbaar die verkeerde haat nie; seker dié dat ek so lank getalm het voordat ek van Agisar ontslae geraak het. Maar wag, ek wil nie verskonings soek nie; ek was verkeerd. Ek het nogal skaam gekry toe ek vanoggend ’n psalm lees wat my pa oor sy liefde vir wat reg is, geskryf het. Ek sluit ’n afskrif daarvan* vir jou by dié brief in.
Jou vriend Salomo

*Psalm 101

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026